UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# BSM1602 ( 489659)

Oktober/November 2016

## ONDERNEMINGSBESTUUR IB

Tydsduur 2 Uur

70 Punte

**EKSAMINATORE**

| | |
|---|---|
| EERSTE | ME MS VAN HEERDEN |
| TWEEDE | ME E KRUGER |

---

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

**BEANTWOORD AL DIE MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE.**

**ELKE VRAAG TEL 1 PUNT, 70 PUNTE IN TOTAAL.**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT EEN-EN-TWINTIG (21) BLADSYE PLUS INSTRUKSIES VIR DIE VOLTOOING VAN DIE MERKLEESBLAD.**

**VOLTOOI ASB DIE BYWONINGSREGISTER OP DIE AGTERBLAD, SKEUR DIT AF EN OORHANDIG AAN DIE OPSIENER.**

**DUI ASSEBLIEF U ANTWOORD OP DIE MERKLEESBLAD AAN WAT VOORSIEN WORD, EN OMKRING DIE KORREKTE ANTWOORD OP DIE EKSAMEN VRAESTEL.**

**LEES DIE GEVALLESTUDIE DEUR EN BEANTWOORD AL DIE VRAE WAT VOLG.**

**GEVALLESTUDIE: PRETTY PRINT STUDIO**

Pretty Print Studio is 'n grafieseontwerpmaatskappy wat in pasgemaakte trou-uitnodigings, onthou-die-datums, trouprogramme, logo's en trou webwerwe spesialiseer Alles wat Pretty Print Studio maak is pasgemaak volgens die kliente se behoeftes en spesifikasies en is aan kopiereg onderworpe

Jessica Moore het Pretty Print Studio in Januarie 2009 begin nadat sy vir meer as sewe jaar in die korporatiewe wêreld was Sy het onder andere as die assistentontwerpbestuurder in die kommunikasie-afdeling van 'n groot ontwerp- en mediaverhoudingemaatskappy gewerk

Pretty Print Studio bestaan tans uit die volgende personeellede

- Jessica is die stigter en uitvoerende beampte, hoofontwerper, en verantwoordelik om die finale produk goed te keur
- Twee grafiese ontwerpers, Desiree en Adam, wat in grafiese ontwerp, kalligrafie, en bemarking spesialiseer
- Een webwerfontwerper, Sifiso, wat in Flash multimedia en webontwikkeling spesialiseer
- Lily is die bestuurder wat vir finansies, aankope, en menslikehulpbronne verantwoordelik is
- Kagiso is die kantooradministrateur en ontvangsklerk
- Cynthia is die vakleerling wat op 'n tydelike basis aangestel is tydens universiteitsvakansies

Pretty Print Studio word vanuit 'n industriele kantoorspasie in Kaapstad se middestad bedryf Jessica het 'n aanvanklike hernubare huurkontrak vir ses maande geteken en na 'n jaar besluit om die kantoorspasie vir R500 000 te koop, met haar persoonlike spaargeld Hulle het aanvanklik nie baie masjinerie en toerusting nodig gehad nie, maar soos die onderneming gegroei het, het sy gou besef dat hulle beter toerusting nodig het om hul huidige tegnologie-infrastruktuur te verbeter en om die koste om hul produkte en dienste te vervaardig, te verlaag Om hierdie rede moes Pretty Print Studio 'n lening van R300 000 aangaan wat oor vyf jaar terugbetaalbaar is Gevolglik moes Jessica en Lily seker maak dat hul langtermyn-finansielebeplanning en vooruitskattings in plek is en gereeld bygewerk word

As eienaar is Jessica verantwoordelik om die doelwitte van Pretty Print Studio op te stel en skedules te ontwikkel om hierdie doelwitte te bereik Sy moet ook die aktiwiteite koordineer deur volmag en verantwoordelikheid aan die korrekte persone te gee sodat die onderneming se doelwitte bereik kan word Jessica het 'n duidelike visie en is vasbeslote om binne die volgende vyf jaar as een van die top ontwerpmaatskappye in Suid-Afrika erken te word Sy kommunikeer hierdie visie aan die werknemers om te verseker dat hulle ooreenkomstig gemotiveer is om hul werk vrywilliglik te doen en saam te werk om die onderneming se doelwitte te bereik

[BLAAI OM]

As gevolg van die aard van die onderneming, maak Pretty Print Studio staat op sosiale media, blogs, handelsuitstallings, en mondelinge reklame as bemarkingshulpmiddels So verseker hulle dat hulle die spesifieke groep verbruikers bereik wat 'n behoefte het aan die pasgemaakte produkte wat Pretty Print Studio aanbied Pretty Print Studio werk tans in 'n hoogs mededingende omgewing waar die vraag en bewustheid na pasgemaakte uitnodigings en grafiese-ontwerpvaardighede toeneem, en as gevolg hiervan neem hul winste ook toe

Met die toename in vraag, het Jessica besluit om nog 'n grafiese ontwerper aan te stel Sy het Lily gevra om 'n advertensie in die plaaslike koerant en op hul webwerf te plaas Hulle het sewe aansoeke ontvang en het besluit om onderhoude met die top drie kandidate te voer Na al die onderhoude en vaardigheidstoetse, het Jessica en Lily besluit om die pos vir Tumi aan te bied, 'n universiteitsgraduandi wat enorme potensiaal tydens die vaardigheidstoets getoon het.

Jessica glo dat 'n spanbenadering gehalte en sukses deur die hele ontwerpproses sal verseker Vergaderings word op 'n weeklikse basis gehou om enige ontwerpsprobleme te bespreek en die geleentheid vir alle personeellede te gee om insette te lewer om die toepaslike oplossing te vind

Tot op hede is Pretty Print Studio erken as een van die top ontwerpmaatskappye in die trou-industrie in Kaapstad en hulle pluk die vrugte van hul pogings om hul visie te bereik

**MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**
**BEANTWOORD AL DIE VRAE OP DIE MERKLEESBLAD EN OMKRING DIE KORREKTE ANTWOORD OP DIE EKSAMEN VRAESTEL.**

## Hoofstuk 1: Inleiding tot ondernemingsbestuur vir die entrepreneur

1 Volgens die Nasionale Wysigingswet op Kleinsakeondernemings 26 van 2003 (National Small Business Amendment Act 26 of 2003), kan Pretty Print Studio geklassifiseer word as 'n _______ onderneming

1) mikro-
2) baie klein
3) klein
4) mediumgrootte-

2 Die visie van Pretty Print Studio kan geidentifiseer word in die _______ omgewing

1) mikro-
2) makro-
3) mark-
4) mega-

3 Die verbruikersbehoeftes en -spesifikasies van Pretty Print Studio se kliente, vorm deel van die _______ omgewing

1) mikro-
2) makro-
3) mark-
4) mega-

4 Gedurende watter stadium van die skepping van Pretty Print Studio, sou Jessica 'n lewensvatbaarheidstudie gedoen het?

1) Idee-stadium
2) Beplanningstadium
3) Implementeringstadium
4) Evaluering-stadium

5 Watter van die volgende eienskappe van die omgewing waarin Pretty Print Studio bedryf word, is waar?

a) Die vestiging, groei en voortbestaan van Pretty Print Studio word indirek beinvloed deur die sake-omgewing
b) Veranderlikes in die sake-omgewing is interafhanklik
c) Die bestuur by Pretty Print Studio het beperkte beheer oor die makro-omgewing
d) Die bestuur by Pretty Print Studio het direkte beheer oor die mikro-omgewing

Kies die korrekte kombinasie

1) a, c
2) b, d
3) a, c, d
4) a, b, c, d

6 Met die styging in rentekoerse, het verbruikers minder besteebare inkomste om te spandeer op luukshede soos pasgemaakte uitnodigings Hierdie is 'n voorbeeld van 'n _______ veranderlike wat gevind kan word in die _______ omgewing van Pretty Print Studio

1) sosiale , mark-
2) ekonomiese , mark-
3) sosiale , makro-
4) ekonomiese , makro-

**Hoofstuk 2: Die algemenebestuursfunksie**

7 Die finale gesag en verantwoordelikheid vir die uitvoering van bestuurspligte in Pretty Print Studio sal op 'n _______ vlak geneem word

1) strategiese
2) taktiese
3) operasionele
4) funksionele

8 "As die eienaar, is Jessica verantwoordelik vir die opstel van Pretty Print Studio se doelwitte, en die ontwikkeling van skemas om hierdie doelwitte te bereik " Hierdie stelling verwys na _______ as deel van algemene bestuur

1) beplanning
2) kontrolering
3) leiding
4) organisering

9 Jessica moet die aktiwiteite koordineer deur gesag en verantwoordelikheid toe te ken aan die korrekte mense, sodat die doelwitte van Pretty Print Studio bereik kan word Hierdie stelling verwys na _______ as deel van algemene bestuur

1) beplanning
2) kontrolering
3) leiding
4) organisering

10 Lily sal verantwoordelik wees vir die uitvoering van die _______ planne en doelwitte van Pretty Print Studio

1) strategiese
2) funksionele
3) langtermyn-
4) korttermyn-

11 Tydens watter stap van die beplanningsproses sal Jessica bepaal of Pretty Print Studio genoegsame fondse het om Cynthia se salaris te dek?

1) Stap 4
2) Stap 5
3) Stap 6
4) Stap 7

12 Volgens die gevallestudie, watter leierskapsbevoegdheid wys Jessica?

1) Bestuur van aandag
2) Bestuur van betekenis
3) Bestuur van vertroue
4) Selfbestuur

13 Volgens die gevallestudie, watter een van die volgende probleemoplossingstegnieke word in Pretty Print Studio gebruik?

1) Navorsing
2) Dinkskrum
3) Visgraat-diagramme
4) Die Delphi-tegniek

14 Die proses waardeur Jessica die werknemers oorreed om hulle werk vrywillig en na die beste van hul vermoe te doen, staan bekend as _______

1) kommunikasie
2) delegering
3) motivering
4) koordinasie

**Hoofstuk 3: Die finansiële funksie**

15 Jessica het besluit om kantoorspasie vir R500 000 te koop met haar persoonlike spaargeld Dit kan as _______ kapitaal geklassifiseer word

1) reserwe
2) eie
3) korttermyn
4) geleende

16 Alles wat by Pretty Print Studio ontwerp word is pasgemaak volgens die behoeftes en spesifikasies van die kliente, en is onderhewig aan kopiereg Kopiereg vorm deel van die _______ van Pretty Print Studio.

1) bedryfslaste
2) eienaarsekwiteit
3) nie-bedryfsbates
4) ander bates

17 Die aanvanklike huurkontrak wat Jessica onderteken het vir die industriele kantoorruimte in Kaapstad, het deel uitgemaak van Pretty Print Studio se _______

1) bedryfslaste
2) nie-bedryfslaste
3) nie-bedryfsbates
4) bedryfsbates

18 Watter een van die volgende was die rede vir die bykomende kapitaal behoefte van R300 000 by Pretty Print Studio?

1) Hoeveelheids-afslag
2) Seisoenale faktore
3) Doeltreffendheidsdryf
4) Lae behoue winste

19 Pretty Print Studio moes 'n lening, terugbetaalbaar binne vyf jaar, uitneem om die huidige tegnologiese infrastruktuur te verbeter, en ook voor te bly met hul mededingers Hierdie lening is 'n voorbeeld van ______ kapitaal

1) mediumtermyn
2) langtermyn
3) korttermyn
4) interne

20 Watter van die volgende opsies is waar vir wanneer Jessica en Lily die vooruitskatting van Pretty Print Studio doen?

a) Vooruitskatting bied 'n oortuigende beheer instrument vir wanneer Pretty Print Studio aansoek doen om 'n lening
b) Vooruitskatting sal Jessica in staat stel om die werking van Pretty Print Studio tydig te kan verander
c) Vooruitskatting sal Pretty Print Studio help om verliese te vermy wanneer toekomstige resultate nie aan redelike verwagtinge voldoen nie
d) Vooruitskatting sal die groei van Pretty Print Studio moontlik maak en meer waarde vir aandeelhouers toevoeg

Kies die korrekte kombinasie

1) a, d
2) b, c
3) a, b, c
4) a, b, c, d

21 Watter een van die volgende formules sal Lily gebruik as sy wil bepaal hoe afhanklik Pretty Print Studio van skuldfinansiering is?

1) Hefboomverhouding = $\frac{\text{Langtermynskuld}}{\text{Langtermynskuld + Totale ekwiteit}}$

2) Totale skuldverhouding = $\frac{\text{Totale bates– Totale ekwiteit}}{\text{Totale bates}}$

3) Skuld-tot-ekwiteitverhouding = $\frac{\text{Totale bates – Totale ekwiteit}}{\text{Totale ekwiteit}}$

4) Kere rente verdien = verhouding $\frac{\text{Totale ekwiteit}}{\text{Totale bates – Langtermynskuld}}$

22 Om finansiele aktiwiteite, soos die toestaan van krediet en die bepaling van pryse uit te voer, moet Jessica en Lily sekere riglyne raadpleeg wat ingesluit word in die _______ van Pretty Print Studio

1) jaarlikse begroting
2) finansiele beleid
3) pro-forma staat van omvattende inkomste
4) finansiele ontleding

**Hoofstuk 4: Die bemarkingsfunksie**

23 In watter een van die volgende markte word Pretty Print Studio bedryf?

1) Verbruikersmark
2) Industriele mark
3) Herverkoopsmark
4) Regeringsmark

24 "Op hierdie manier verseker dit dat hulle die spesifieke groep verbruikers wat 'n behoefte vir pasgemaakte produkte het, bereik " Hierdie stelling verwys na Pretty Print Studio se _______

1) mikro-omgewing
2) herverkoopsmark
3) teikenmark
4) bemarkingsdoelwit

25 Jessica se ondervinding as 'n assistant ontwerp bestuurder kan gesien word as 'n _______ in die SWOT-ontleding van Pretty Print Studio, wat deel vorm van die _______ omgewing

1) geleentheid , mark-
2) geleentheid , mikro-
3) sterkpunt , mark-
4) sterkpunt , mikro-

26 'n Verandering in die wetgewing en arbeidswetgewing waaraan menslikehulpbronbestuur moet voldoen, sal _______ invloed hê op die _______ omgewing van Pretty Print Studio

1) 'n direkte , mikro-
2) 'n indirekte , makro-
3) geen , mikro-
4) geen , mark

27 Volgens die gevallestudie is Pretty Print Studio tans in die _______ fase van die produklewensiklus

1) bekendstellings-
2) groei-
3) volwassenheids-
4) afname-

28 Watter van die volgende is vereistes wat Jessica en Lily in gedagte moet hou wanneer hulle die bemarkingsdoelwitte van Pretty Print Studio ontwikkel?

a) Doelwitte moet realisties en bereikbaar wees
b) Doelwitte moet aan 'n sekere tydperk gekoppel word
c) Doelwitte moet meetbaar wees
d) Doelwitte moet prakties wees

Kies die korrekte kombinasie

1) a, c
2) b, d
3) a, c, d
4) a, b, c, d

29 Watter een van die volgende is **NIE** 'n maatstaf wat Jessica sal gebruik om die markaantreklikheid van Pretty Print Studio te evalueer **NIE**?

1) Grootte van die mark
2) Beskikbaarheid van leweransiers
3) Vlak van mededinging
4) Groei potensiaal van die mark

30 Die identifisering van onderafdelings van kopers in 'n mark wat soortgelyke behoeftes en soortgelyke koopprosesse in gemeen het, is die definisie van _______

1) verbruikersmarkte
2) die bemarkingstrategie
3) marksegmentering
4) die bemarkingsmengsel

**Hoofstuk 5: Operasionele bestuur**

31 Die beplande aksie vir die totstandkoming van nuwe idees, prosesse, produkte en dienste in Pretty Print Studio, staan bekend as _______

1) innovasie
2) kreatiwiteit
3) produktiwiteit
4) vindingrykheid

32 Pretty Print Studio vervaardig kaartjies, en uitnodigings volgens die behoeftes en spesifikasies van die verbruikers, waarvoor 'n hoogs bekwame span ontwerpers en skoonskrifspesialiste vereis word Die _______ stelsel is daarom die mees geskikte operasionele stelsel om in die onderneming te gebruik

1) deurlopende
2) lot-
3) stukwerk-
4) projek-

33 Die tydperk wat 'n taak, byvoorbeeld die druk van 'n trou-uitnodiging, by 'n werkstasie bly, staan bekend as _______

1) inspeksietyd
2) wagtyd in tou
3) prosestyd
4) oprigtingstyd

[BLAAI OM]

34 Watter een van die volgende is **NIE** 'n prestasiedoelwit in die transformasieproses van die kaartjies en trou-uitnodigings by Pretty Print Studio **NIE**?

1) Hoeveelheid
2) Betroubaarheid
3) Vinnigheid
4) Buigsaamheid

35 Jessica moet die volgorde bepaal waarin take en aktiwiteite in die vervaardigingsproses van Pretty Print Studio afgehandel moet word Dit staan bekend as _______

1) kapasiteitsbeplanning
2) aggregaatbeplanning
3) operasionele skedulering
4) meesterskedulering

36 Masjinerie en toerusting in Pretty Print Studio is onderhewig aan 'n deurlopende graad van verwering as gevolg van konstante gebruik Die gevolge van defektiewe masjinerie en toerusting is

a) veiligheidsbedreigings
b) verbruikersontevredenheid
c) verminderde produksiekapasiteit
d) verhoogde produksiekoste
e) laer gehalte produkte en dienste

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, e
2) a, c, d
3) b, c , e
4) a, b, c, d, e

37 Die volgende formule kan gebruik word om die _______ in Pretty Print Studio te bereken

$$\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Prys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$$

1) voorraad-bestelkoste
2) gelykbreekpunt in eenhede
3) ekonomiese bestelhoeveelheid
4) voorraad-drakoste

38 Pretty Print Studio word tans bedryf in 'n uiters mededingende omgewing waar die vraag na pasgemaakte uitnodigings en grafiese ontwerp vermoens besig is om toe te neem As gevolg hiervan is Jessica bang dat haar huidige kapasiteit te klein is om aan die toenemende vraag te voldoen Watter van die volgende is strategiee wat sy kan oorweeg om te implementeer in die situasie?

a) Kies die differensiasie van produkte
b) Implementeer oortyd
c) Verhoog kapasiteit deur die verkryging van bykomende vaste bates
d) Integrasie van produkte

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, c
2) a, c
3) b, d
4) a, b, c, d

## Hoofstuk 6: Die aankoopfunksie

39 Pretty Print Studio volg 'n _______ aankoopfunksie, want _______ is verantwoordelik vir die aankoopfunksie

1) gedesentraliseerde , Lily
2) gedesentraliseerde , elke besigheidseenheid
3) gesentraliseerde , Lily
4) gesentraliseerde , elke besigheidseenheid

40 Effektiewe aankope kan die _______ van Pretty Print Studio se produkte fasiliteer, en indirek tot die winste bydra deur die bemarkingsfunksie

1) verkope
2) distribusie
3) bestuur
4) bemarking

41 As die aankoopfunksie van Pretty Print Studio daarin slaag om die aankoopdoelwitte van die regte hoeveelheid, gehalte en tyd te bereik, sal dit die verlangde hoeveelheid goedere ontvang wanneer dit benodig word vir vervaardiging Dit staan bekend as die _______ beginsel

1) skalare
2) net-in-tyd (just-in-time)
3) materiaal-vereistes
4) sikliese-bestellings

42 Die aankoopaktiwiteite by Pretty Print Studio word in logiese stappe uitgevoer Tydens watter stap van die aankoopsiklus sal die hoeveelhede en gehalte van die goedere ontvang geinspekteer word?

1) Stap 5
2) Stap 6
3) Stap 7
4) Stap 8

43 Die mees algemene metode om gehalte van aangekoopte goedere te beskryf, staan bekend as _______

1) spesifikasie
2) standaardisasie
3) buigsaamheid
4) aanpasbaarheid

44 Watter van die volgende is die belangrikste prestasie-aanwysers wat gebruik kan word om die doeltreffendheid van die aankoopaktiwiteite by Pretty Print Studio te meet?

a) Leweransier prestasie
b) Voorraadhouding
c) Kostebesparings
d) Mededinger prestasie
e) Werkslading

Kies die korrekte kombinasie

1) b, d, e
2) a, d
3) a, b, c, e
4) a, b, c, d, e

45 Watter een van die volgende voorraadbeheerstelsels sal die beste wees om by Pretty Print Studio te gebruik, indien Jessica en Lily voorraad op vasgestelde intervalle wil kontroleer, en bestellings geplaas word om voorraad aan te vul tot op maksimum vlakke?

1) Vaste-bestelling hoeveelheidstelsel
2) Sikliese bestelstelsel
3) Drie drom metode (Three-bin method)
4) ABC metode

46 Watter een van die volgende is **NIE** 'n eksterne faktor wat die tydsberekening van aankope by Pretty Print Studio kan beinvloed **NIE**?

1) Mark-toestande
2) Regeringsregulasies
3) Aankoopbeleide
4) Seisoene

**<u>Hoofstuk 7: Die menslikehulpbronfunksie</u>**

47 Toe Jessica besluit het om nog 'n grafiese ontwerper aan te stel om die toenemende vraag te bevredig, moes Lily al die belangrike inligting oor die pos bymekaar maak Dit het die pligte, verantwoordelikhede, vaardighede benodig, uitkomste en werksomgewing ingesluit Hierdie staan bekend as die pos-________

1) beskrywing
2) spesifikasie
3) spesialisasie
4) ontleding

48 Volgens die gevallestudie, van watter vorm van werwing het Jessica en Lily gebruik gemaak?

1) Interne werwing
2) Eksterne werwing
3) Selfkeuring
4) Selfaanmelding

49 Tydens watter stap van die keuringsproses het Jessica en Lily bepaal of die kandidate die nodige vermoens het om die werk te kan doen deur vir hulle 'n bevoegdheidstoets te gee?

1) Stap 2
2) Stap 3
3) Stap 4
4) Stap 5

50 Wat moet Jessica en Lily doen voordat Tumi by Pretty Print Studio begin werk?

a) Tumi gelukwens op haar aanstelling
b) Vir Tumi 'n formele verwelkomingsbrief stuur wat al die belangrike inligting oor Pretty Print Studio bevat
c) Verseker dat Tumi se werkstasie in orde is met die nodige meubels en skryfbehoeftes
d) Al die ander werknemers by Pretty Print Studio inlig oor Tumi, en wat haar verantwoordelikhede sal wees

Kies die korrekte kombinasie

1) b, d
2) a, d
3) a, b, c
4) a, b, c, d

51 Watter een van die volgende is **NIE** 'n doelwit van opleiding en ontwikkeling by Pretty Print Studio **NIE**?

1) Om Tumi te orienteer ten opsigte van haar take
2) Om produktiwiteit te verhoog en prestasie te verbeter by Pretty Print Studio
3) Om Lily toe te laat om onafhanklike besluite te neem sonder om Jessica te raadpleeg
4) Om Cynthia voor te berei vir moontlike aanstelling en bevordering by Pretty Print Studio

52 Watter van die volgende is faktore wat sal bepaal hoeveel werknemers by Pretty Print Studio sal betaal word?

a) Die heersende minimum loon
b) Die vraag en aanbod van arbeid
c) Pretty Print Studio se vermoe om te betaal
d) SARS bydraes

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, d
2) c
3) a, b, c
4) b, c, d

53 Watter een van die volgende wette beoog om demokrasie, arbeidsvrede en werkerdeelname in besluitneming te ondersteun in die werksplek?

1) Wet op Basiese Diensvoorwaardes
2) Wet op Arbeidsverhoudinge
3) Wet op Arbeidsmarknavorsing en Statistieke
4) Wet op vaardigheidsontwikkeling

54 Die kontrak wat Jessica met Cynthia het, moet die volgende insluit

a) posbeskrywing
b) aanvangs- en afhandelings-datums
c) fooistruktuur
d) vrywaring, waarborge en verpligtinge

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, c
2) a, c
3) b, c, d
4) a, b, c, d

**Hoofstuk 8: Inligtingsbestuur**

55 'n Hoop fakture, van al die verkope in die vorige jaar, of 'n lys van werknemers se salarisse by Pretty Print Studio, kan geklassifiseer word as _______

1) inligting
2) dokumente
3) data
4) bronne

56 Watter een van die volgende is die korrekte volgorde van die stadiums van dataverwerking in Pretty Print Studio?

1) Insameling van data, verwerking van data, verspreiding van inligting, stoor en herwinning van data, vernietiging van inligting
2) Insameling van inligting, verwerking van inligting, stoor en herwinning van data, verspreiding van inligting, vernietiging van inligting
3) Insameling van data, verwerking van inligting, stoor en vernietiging van inligting, verspreiding van data, herwinning van inligting
4) Insameling van data, verwerking van data, stoor en herwinning van data, verspreiding van inligting, vernietiging van inligting

57 Afleweringsnotas, fakture, voorraadlyste en salarisstrokies is deel van die _______ van die funksionele bestuursproses in Pretty Print Studio

1) uitsette
2) inligting
3) insette
4) dokumente

58 Watter een van die volgende is interne inligting wat Lily vir beide die aankoopfunksie en finansiele funksie benodig?

1) Produksiekostes
2) Omset
3) Voorraadvlakke
4) Produksie hoeveelhede

59 Inligting wat ingesamel word vanaf die eksterne omgewing staan bekend as ______ inligting, terwyl inligting wat na die eksterne omgewing versprei word bekend staan as _______ inligting

1) intelligensie , openbare
2) openbare , intelligensie
3) primêre , sekondêre
4) sekondêre , primêre

60 Jessica en Lily moet die verpligte bewaringstyd van inligting in gedagte hou voordat hulle enige dokumente vernietig Alle gekanselleerde tjeks, kontrakte met kliente en kontrakte met leweransiers, moet gehou word vir _______ jaar

1) vyf
2) ses
3) sewe
4) agt

61 Die proses van identifisering, versameling, berging, en die transformasie van data tot 'n intellektuele bate wat beskikbaar is aan alle personeellede van Pretty Print Studio, staan bekend as_______ bestuur

1) voorsieningsketting-
2) inligtings-
3) kennis
4) kliënteverhouding

62 Watter van die volgende aspekte bepaal die metode van liassering wat in Pretty Print Studio gebruik sal word?

a) Die behoeftes van Pretty Print Studio
b) Die stelsel moet in staat wees om saam met Pretty Print Studio te groei en uit te brei
c) Die plek en toerusting waarin dokumente gestoor word, moet duursaam en brandbestand wees
d) Die stelsel moenie te veel plek opneem nie
e) Die stelsel moet op 'n eenvoudige manier werk

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, c, d, e
2) b, c, d, e
3) a, b, c, e
4) c, d, e

**Hoofstuk 9: Die openbarebetrekkingefunksie**

63 Positiewe mondelinge reklame verwys na kliente wat ander mense vertel oor hul tevredenheid met die produkte en dienste wat by Pretty Print Studio aangebied word Na watter faktor van die vorming van openbare mening verwys hierdie stelling?

1) Die ontvangs en atmosfeer in Pretty Print Studio
2) Die tipe verhouding wat die belangegroepe met Pretty Print Studio het
3) Vorige ondervinding met Pretty Print Studio
4) Kommunikasie met Pretty Print Studio

64 Watter van die volgende is wenke wat Jessica aan Kagiso kan gee om kommunikasie deur middel van persoonlike kontak te verbeter?

a) Behandel almal gelyk
b) Ken die publiek
c) Wees behulpsaam en vriendelik
d) Gee kliente baie aandag

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b, c
2) a, c
3) b, d
4) a, b, c, d

65 Gedurende watter stadium van die openbarebetrekkinge-veldtog kan Pretty Print Studio wys dat dit aktief betrokke is by welsynsgebeurtenisse?

1) Identifikasie-stadium
2) Deelnemingstadium
3) Deurdringingstadium
4) Egtheidstadium

66 Pretty Print Studio kon hul sosiale verantwoordelikheid teenoor werknemers bewys het deur _______

1) finansiele donasies aan gemeenskapsprojekte te gee
2) hulle by besluitneming te betrek
3) vir hulle donasies te gee in die vorm van Pretty Print Studio se produkte
4) deelname aan die opheffing van die gemeenskap

67 Die openbarebetrekkinge proses in Pretty Print Studio moet sekere stappe in 'n definitiewe volgorde volg Watter een van die volgende is die korrekte volgorde?

1) Definieer die probleem of geleentheid, beplan en stel 'n program op, tree op en kommmunikeer, evalueer die veldtog
2) Identifiseer die probleem, samel inligting in, tree op, en evalueer die proses
3) Beplan en stel 'n program op, samel inligting in, evalueer alternatiewe, tree op en kommunikeer
4) Definieer die probleem of geleentheid, samel inligting in, beplan en stel 'n program op, tree op en kommunikeer

68 Watter een van die volgende is **NIE** 'n vraag wat Jessica in 'n openbarebetrekkinge kontrolelys sal vra **NIE**?

1) Probeer ons 'n swak beeld teenwerk?
2) Hoe belangrik is welwillendheid vir ons?
3) Weet ons wat mense van die onderneming dink?
4) Verwar mense ons met 'n ander onderneming?

69 'n Gunstige beeld van Pretty Print Studio sal bepaal of _______

a) die media Pretty Print Studio die voordeel van die twyfel in krisistye sal gee
b) leweransiers hul kontrakte met Pretty Print Studio sal hernu
c) nuwe personeel by Pretty Print Studio sal wil aansluit
d) Pretty Print Studio 'n gevestigde en groeiende klientebasis het

Kies die korrekte kombinasie

1) a, b
2) b, c
3) a, c, d
4) a, b, c, d

70 Die hoofdoelwit van die openbarebetrekkinge-funksie is om Pretty Print Studio se _______

1) produkte te verkoop
2) bree publiek te bereik
3) verkope te verhoog
4) beeld te verbeter

**TOTAAL: [70]**

©
UNISA 2016

